Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 301/03

Datum verhoor: 2004-04-26

Datum gelewer: 2004-04-26

In die appél van:

**LAZARUS MOLOKWANE** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* WILLIAMS R

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die Appellant het tereggestaan in die Streekhof te Upington op 'n aanklag van verkragting sowel as 'n aanklag van diefstal. Hy het skuldig gepleit op die twee aanklagte en is op grond van die voormelde pleit skuldig bevind. Op die aanklag van verkragting is hy gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf ingevolge die bepalings vervat in artikel 51 van Wet 105 van 1997. Op die aanklag van diefstal is hy gevonnis tot 5 jaar gevangenisstraf. Die verhoorlanddros het ook gelas dat 3 jaar van die vonnis op die diefstal aanklag samelopend uitgedien moet word met die vonnis op die verkragting aanklag.

2. Die Appellant kom nou in hoër beroep teen die vonnis wat hom opgelÍ is slegs op die aanklag van verkragting.

3. Die enigste grond van appél is dat die Landdros homself wanvoorgelig het oor die minimum vonnis wat opgelÍ

behoort te word op die aanklag van verkragting nadat geen dwingende en wesenlike omstandighede gevind is nie. Die Staat, by monde van Me Van Dyk, het heeltemal tereg geredelik toegegee dat die Landdros hom aldus wanvoorgelig het.

4. Wat die verkragtingsaanklag betref het die Appellant luidens sy artikel 112(2)-pleitverduideliking al die wesenlike elemente van die misdryf van verkragting as volg erken:

a) Dat hy sonder die klaagster se toestemming met haar vleeslike gemeenskap gehou het;

b) Dat hy verkeerd opgetree het en besef dat hy daarvoor gestraf behoort te word.

5. Wet 105 van 1997 bepaal dat die minimumvonnis van lewenslange gevangenisstraf opgelÍ moet word by ‘n

skuldigbevinding aan verkragting in sekere bepaalde gevalle. Dit is duidelik en die partye voor my is dit ook *ad idem* dat die onderhawige geval nie resorteer in hierdie kategorie nie. Die enigste ander minimum vonnis wat voorgeskryf in die voormelde wet in die geval van skuldigbevinding aan verkragting word gevind in art 51(2) (b). Daardie artikel bepaal as volg:

> "Ondanks enige ander wet maar behoudens subartikels (3) en (6), moet 'n streekhof of 'n Hoë Hof, met inbegrip van 'n Hoë Hof na wie 'n aangeleentheid kragtens artikel 52 (1) vir vonnis verwys is, ten opsigte van 'n persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf bedoel in-
>
> (a) ........
>
> (b) Deel III van Bylae 2, die persoon, in die geval van-
>
> (i) 'n eerste oortreder, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 10 jaar vonnis;
>
> (ii) 'n tweede oortreder van enige sodanige misdryf, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 15 jaar vonnis; en
>
> (iii) 'n derde of verdere oortreder van enige sodanige misdryf, tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van minstens 20 jaar vonnis; en

Deel III van Bylae 2 lees wat verkragting aanbetref as volg:

> "Verkragting in ander omstandighede as daardie in Deel I bedoel."

6. Gevolglik dus moes die Landdros, nadat hy bevind het dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat 'n afwyking van die statutÍr voorgeskrewe minimum vonnis regverdig nie, 'n vonnis van ten minste 10 jaar gevangenisstraf opgelÍ het. Die Landdros was uiteraard die mening toegedaan dat hy die minimum statutÍr voorgeskrewe vonnis behoort op te lÍ. Hy het egter homself wanvoorgelig dat sodanige minimum voorgeskrewe vonnis 15 jaar is en nie 10 jaar nie. Hy het derhalwe verkeerdelik verwys in sy uitspraak na art 51(2)(a)(i) se bepalings wat gevangenisstraf van minstens 15

jaar voorskryf. Daardie artikel vind egter nie aanwending in hierdie geval nie.

7. Gegewe die voormelde wanvoorligting van die Landdros is hierdie Hof geroepe om in te meng met die opgelegde vonnis. Wanneer die erns van die misdryf oorweeg word, die belange van die gemeenskap deeglik in ag geneem word en die Appellant se persoonlike omstandighede daarteen opgeweeg word, meen ek dat hierdie nie ‘n saak is waar gevangenisstraf van meer as die statutÍr voorgeskrewe minimum vonnis behoort opgelÍ te word nie.

8. Gevolglik dus meen ek dus dat ‘n vonnis van gevangenisstraf van 10 jaar soos voorgeskryf in art 51(2)(b)(i) vanpas sal wees.

**9. Gevolglik word die volgende bevel uitgereik:**

**a) Die Appellant se appél teen die vonnis hom opgelê op die aanklag van verkragting slaag.**

**b) Die vonnis opgelê deur die Streeklanddros word tersyde gestel en vervang met die volgende:**

**Ingevolge die bepalings vervat in art 51(2)(b)(i) van Wet 105 van 1997 word die Appellant gevonnis tot tien jaar gevangenisstraf. Hierdie vonnis word teruggedateer tot 2 Oktober 2003.**

_______________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stemsaam:**

________________

**CC WILLIAMS**

**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | Adv J Cloete |
| NAMENS RESPONDENT | : | Adv E van Dyk |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2004-04-26 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : | 2004-04-26 |